Woodoc Beitskonsentraat
Spesifikasieblad

Tipiese Aanwending:
Vir binnenshuise en buitenshuise gebruik. Om kleurlose Woodoc-verseëlaars mee te tint en is perfek vir alle binnenshuise en buitenshuise verfraaiingsbehoeftes.

Produkeienskappe:

- Dit bevat deursigtige yster-oksiede wat ultra-violetstrale absorbeer.
- Die deursigtige oksiede beklemtoon ook die hout se natuurlike grein en verleen buitengewone prag en warmte.
- Woodoc Beitskonsentrate is beskikbaar in agt natuurlike houtafwerkings: Meranti, Imbuia, Oak, Oregon, Teak, Rosewood, Ebony en Yellowwood.
- Volledige gebruiksaanwysings op etiket.

Aanwendingsnota:
Omdat die natuurlike kleur en absorbeerbaarheid van houtsoorte verskil, kan die voorkoms wat met Woodoc Beitskonsentrate verkry word, verskil by aanwending. Ons beveel aan dat `n proefaanwending eers op `n soortgelyke stukkie hout uitgevoer word. Drie lae behoort aangewend te word vir die verlangde effek. Indien die eindkleur te lig is, kan meer kleur bygevoeg word. Indien te donker, kan meer kleurlose Woodoc-verseëlaar bygevoeg word. Hoe dit ook al sy, u kleure sal presies lyk soos u dit wil hê! Indien die verlangde kleur reeds na een of twee lae verkry is, behoort kleurlose Woodoc-verseëlaar vir die oorblywende laag/lae gebruik te word. Woodoc Beitskonsentrate behoort slegs met `n Woodoc-verseëlaar gemeng te word.

Nr: WDstain/002
Gedateer: 23/11/11
Naam:
Woodoc Beitskonsentraat
Beskrywing:
Gekonsentreerde pigmenttinte met yster-okdiede vir kleurlose Woodoc-verseëlaars.
Aanwending:
Gemeng met kleurlose Woodoc-verseëlaars.
Drogingstyd:
Hang af van die verseëlaar wat gebruik is.
Produkeienskappe:
Gekonsentreerde pigmenttinte met yster-oksiede wat slegs met Woodoc-verseëlaars gemeng moet word.
Verenigbaarheid:
Slegs kleurlose Woodoc-verseëlaars.
Onverenigbaarheid:
Minerale terpentyn, Asetoon, Lakverdunner, Benseen en ander oplosmiddels.
Verpakking:
20 ml; 100 ml

LEES ALTYD EERS DIE AANWYSINGS OP DIE BOTTEL VOOR AANWENDING. DIE PRODUK SAL KLERE VLEK. WEES ASSEBLIEF VERSIGTIG TYDENS AANWENDING. MAAK VLEKKE MET ORGANIESE OPLOSMIDDELS SKOON.

VLAMBAAR. Hou buite die bereik van kinders. Skadelik indien ingeneem word. Ingestie kan chemiese pneumonitis veroorsaak.

Woodoc®
FOOD FOR WOOD

Vervaardig en bemark deur:
Rekara Mills (Edms.) Bpk.
Posbus 16, Fort Beaufort, 5720, Suid-Afrika
Tel. +2746 645 1109 Faks +2746 645 1538